# LITURGIESE GRONDLYNE VIR ’N EREDIENS MET VOORBIDDING:

# ALGEMENE VERKIESING 2024

**Sondag, 5 Mei 2024**

**(Sleutelteks: Psalm 46:11)**

**Musiek in die erediens:**
Psalm 46 staan bekend as die “Luther-Psalm”, en was inderdaad die basis vir sy geliefde beryming daarvan, “Ein feste Burg ist unser Gott”, uit 1528. Die jare twintig van die 16ᵉ eeu was vir Martin Luther uiters beproewend. Sy verhoor te Worms (1521), die Boere-oorlog (1525), pessiekte in Wittenberg (1526) en sy voortslepende swaarmoedigheid wat hy as aanvegting van die Bose beskou het, het hom na dié vaste en veilige toevlug by God laat verlang: Gód is vir ons ’n skuilplek! Luther het self ook die melodie geskryf, en die meeste reëls met ’n korter eerste noot laat begin – wat bygedra het tot die dramatiese en kragtige tone in die oproep en bemoediging van Psalm 46.

In ons Liedboek van die Kerke (2001) is TT Cloete se beryming van **Psalm 46** treffend, en met die sterk Luther-melodie.

In **Lied 476** – “’n Vaste burg is onse God” – het ons ’n direkte vertaling van Luther se psalm, en met **Lied 477** het ons die Duits/Nederlandse tweelinglied, “Hou Christus self sy kerk in stand.”

Lina Spies het hierdie inspirerende Luther-melodie ook gebruik vir haar beryming van **Psalm 27**, “God is my redder en my lig”, waarvan die woorde Psalm 46 wonderlik komplimenteer.

’n Erediens om lidmate te bemoedig, sou met Psalm 27 as loflied kon begin en met Psalm 46/Lied 476 eindig. Gebruik sterk orrelbegeleiding of sit ’n trompet by jul begeleidingsgroep – hier is krag en volume nodig!

Vir ’n sagter (en “jonger”) wydingslied heel aan die begin: **Lied 519** – “Wees stil en weet”, die presiese frase uit Psalm 46:11.

13528
HATFIELD, 0028
Pretoria, South Africa
+27 (0)12 342 0092
+27 (0)12 342 0380
http://ngkerk.net/
info@ngkerk.org.za
PBO nr: 930006591

Ander gebedsliedere wat by die dag sou pas, is **Lied 282** en **VONKK 159** ("Heer, ons bid vir Afrika").

**Gebede:**
As aanvangsgebed/votum sou die bekende gebed van Augustinus, gebruik kon word:

"O God,
U het ons vir Uself gemaak,
en ons kan geen rus vind,
totdat ons dit in U gevind het nie.
O God van vrede,
ons draai ons rug na 'n onrustige wêreld,
soekende na rus vir ons gees
en lig vir ons gedagtes.
Ons bring ons werk
sodat U dit kan heilig,
ons wonde om genees te word,
ons sondes om vergewe te word,
ons hoop om vernuwe te word.
O Heilige in Wie daar harmonie is,
trek ons na U toe,
en maak stil die wanklanke van ons lewens.
Amen."

'n Gebed waarmee nader aan die einde van die diens, vir ons land ingetree kon word, is 'n verwerking van die "Onse Vader" (die gemeente sou hardop of responsories kon deelneem):

**ONS VADER WAT IN DIE VRYSTAAT* IS**
**(15 Oktober 2020 – Jan Lubbe)**

*[* vervang "Vrystaat" met eie landstreek; enkele verwerking vir Mei 2024]*

**Onse Vader wat in die hemel is,**
en ook hier, in die Vrystaat* en landswyd:
ons behoort aan U, genadiglik,
U wat gans anders is, en ons tóg U kinders noem.

**Laat u Naam geheilig word,**
in ons gedagtes, woorde, dade en ook hierdie gebed,
want u Naam is groot, en 'n skuilplek.

**Laat u koninkryk kom,**
waarvan U die Here is, die magtige Koning, die Vredevors,
U ryk van geregtigheid en vrede vir almal.

**Laat u wil geskied, soos in die hemel, so ook hier op aarde,**
soos in die hemel, lewe, so ook hier;
soos by U, redding, so ook hier;
soos in U, troos en heling en rus, so ook hier.

**Gee ons vandag ons daaglikse brood,**
gee aan ons landstreek reën, Skepper, Heer;
oor die landerye en weivelde
en groentetuine en veekrale ver verspreid;
gee ons daaruit krag, gesondheid en 'n gees van mededeelsaamheid;
gee beskerming, Here, waar daar soveel dreiging is.

**En vergewe ons ons oortredinge,**
**soos ons hulle vergewe wat teen ons oortree;**
vergewe ons die vergrype van ons geskiedenis teen mekaar;
vergewe ons die vooroordele van die hede teenoor mekaar;
vergewe ons die vrese vir die toekoms wat ons oor mekaar bring –
help ons om mekaar te kan vergewe, mekaar te help lewe,
want Here, troue God, U het ons immers alles vergewe.

**Laat kom ons nie in die versoeking nie;**
die versoeking van vooroordeel en vrees, die versoeking van twyfel;
die versoeking van haat, die versoeking van selfsug;
die versoeking van eiegeregtigheid, die versoeking van wraak.

**maar verlos ons van die Bose,**
van die Bose – U teenstander – ook téénoor ons;
van die bose wat rondom ons in die donker wandel;
van boosheid ook binne onsself.

**Want aan U behoort die koninkryk,**
waarin ons graag wil lewe – help ons Here;

**en die krag,**
waartoe ons nou ons toevlug neem – gee ons moed, Here;

**en die heerlikheid,**
waarvoor ons ons neerbuig in aanbidding – vandag en môre –

©Algemene Sinode: NG Kerk

(in hierdie maand van Mei; Pinkstertyd, verkiesingstyd)

**en tot in ewigheid,**

hoor ons gebed –
Vader,
Verlosser,
Vertrooster.

**Amen.**

**Skrifgedeelte, teks en enkele gedagtes vir oordenking:**
Psalm 46:1-2
Kommentare & Preekriglyne:
Kraus, HJ. 1984. *Psalms 1-59. A Commentary*
Odendaal, DH en Burger, CW. in *Riglyne vir Prediking oor die Psalms*, 1988:113-124.
Prinsloo, WS. *Die lof van my God solank ek lewe*, 2000:83-99 – uitstekende eksegetiese oorsig.

Psalm 46 is 'n lied of gebed, van vertroue. Net soos die eerste woord vir 'n gelukkige lewe – uit Eksodus 20:3, Psalm 37:3-4 en Spreuke 3:3-6 – 'n oproep is wat dwarsdeur die Ou Testament gaan en tot in Jesus se Bergrede (Matteus 5:6:25-34) en afskeidswoorde (Matteus 28:19-20) weerklink. Eenvoudig net dit: Vertrou God. 'n Woord wat "ja" sê vir geloof, die sien van die Onsienlike. 'n Woord wat "ja" sê vir 'n verhouding met God – Vader, Seun en Gees. 'n Woord wat "ja" sê vir 'n lewe van dankbaarheid en moed, omdat ek weet by God is alles goed.

Ons sou Psalm 46 – in die Sondae in aanloop tot die Algemene Verkiesing van 2024 in Suid-Afrika (maar ook wêreldwyd, in oorlogstyd) in drie, vier bewegings kon oopbreek:

Die eerste is vanuit die lofliedere en hul konteks hierbo beskryf, na die onstuimige tyd en vreesbevange konteks van Martin Luther, 1528/29. Bekend is die oorlewering, dat dikwels wanneer hy geplaagd was deur kritiek en teenstand uit die kringe van die destydse Roomse Kerk, Luther sy vriend Philip Melanchton geroep het: "Philip, laat ons die Psalm sing..."

'n Tweede beweging gaan verder terug in die geskiedenis, byna 'n duisend jaar verder agter Luther in, na die jare 410 anno Domini. Rome brand, die Romeinse Ryk word van alle kante deur Vandale ingeval, gestroop van haar mag; die ou hoofstad – Rome – wat toe al drie eeue die sentrum van die Christelike Kerk in die Weste was, se poorte wankel, 'n vyand dreig, oral heers daar vrees dat dit die einde van wet en orde is, die einde van die kerk, die einde van die Christelike beskawing. En in Noord-Afrika, in die stadjie Hippo, neem die kerkvader en groot teoloog Augustinus die pen op en skryf 'n boek oor die heerskappy van God, en waarom ons in sulke beproewende tye veilig mag weet Gód is in beheer, ... en vir die titel van sy boek kies hy dié woorde: "De Civitate Dei" – "Die Stad van God", sý sal nie wankel nie – Psalm 46:6 – want "Gód is daar". En dáárom sal ons ook nie wegwyk van ons verantwoordelikhede nie...

'n Derde beweging, nóg verder terug, waarskynlik vier eeue agter Augustinus in, en van Noord-Afrika na oorkant in die Middelandse See, die eiland Patmos. 'n Banneling, op 'n Sondagmiddag; 'n tyd van op vlug slaan, kerke onder die kruis, 'n tierende Romeinse Ryk, korrupsie en uitbuiting

en vervreemding aan die orde van die dag. En “die stad van God, skoon soos ’n bruid” – so gaan die visioen – daal neer, die koninkryk en heerskappy van God breek deur, Christus die Lam wat geslag is neem die boekrol en breek die seëls; en kyk, twaalf pêrelpoorte lei na die stad, volmaak afgemeet, geen tempel of son meer, maar die Lam haar lamp; ’n rivier wat deur haar loop en lewe gee aan al die nasies, balsem vir hul wonde; ’n “betroubare woord” (Openbaring 21-22) – presies die spieëlbeeld van Psalm 46! ’n Visioen wat moed gee en áánmoedig tot volharding; laat ons getrou bly aan ons roeping!

’n Vierde beweging, nóg vier eeue terug, die tyd ná die Ballingskap, en van Patmos na Palestina. Die land lê in armoede vasgevang, waarskynlik onder die juk van die Persiese Ryk, of dalk al die Grieke, maar, in ieder geval, die eens roemryke koninkryk van Dawid bestaan nie meer; die ou stad Jerusalem het ook nie meer die prag en praal van die tyd van koning Salomo nie, en die tempel, ja, dié is eenvoudiger, herbou, en die offerdiens gaan voort en die feeste word gevier, pelgrims daag op, die koor sing – die Koragiete, ’n lied: Psalm 46. Dít was die konteks van ons teks; ’n lied vól verlange, maar ook met ’n diep sekerheid daarin: “Kyk wat doen die Here – Hy skenk vrede...” (vs. 9-10).

Psalm 46 is vir ’n tyd wanneer dit voel of alles meegee, wankel, uitmekaarval, onseker geword het. Vers 3 en 4: Die gevoel van menslike magteloosheid wanneer ’n natuurramp jou leefwêreld tref; aardbewings en vloede, onweer en brande, droogtes en skaarste, pandemies en benoudheid. Vers 7 tot 10 weer: Die vrees en dreiging wat oor jou kom wanneer daar in die volkerewêreld ontwrigting is, onrus, stryd, geweld, nasies teen mekaar opstaan, die dood verwoesting saai. Die agtergrond van Psalm 46, is dié van ’n wêreld waarin die magte van chaos losgebreek het, ’n groot geraas, die gedruis van ’n onstuimige see, die rumoer van oorlogswapens. En dan, te midde daarvan, klink die stem op – vers 11:

> *“Wees stil en weet, Ek is die Heer,*
> *hoog bo die nasies,*
> *hoog bo die aarde...”*

Wie daardie Stem hoor – eenkant in ’n binnekamer, saam in gebed met ander – ontdek woorde en belewenisse soos:

- Vers 2: “skuilplek” en “bron van krag” en “hulp in benoudheid”
- Vers 8: “toevlugsoord”
- Vers 10: “oorloë wat ophou”
- Vers 12: “Here met ons”

Dít is Wie God is, te midde van al hierdie chaos: “Immanuel”. En die beeld wat Psalm 46 gebruik om ons daarvan te verseker, om ons te veranker, is dié van Jerusalem vanouds, en spesifiek die tempel in die stad – dáár, vers 6, vloei ’n stil rivier deur, met water wat vreugde bring; dáár “is die heiligste woonplek van die Allerhoogste”; dáár is Gód tussen sy mense teenwoordig; dáárvandaan kom die hulp waarna ons verlang; dáár skep jy moed om aan te hou. Ons, singend op ons pelgrimspad. En wie dan aanblaai na die laaste visioene vanaf die eiland Patmos, ontdek en sien en leef met dié spieëlbeeld van Psalm 46 in Openbaring 21 en 22, deur ons geestesoë ingeprent. God is hier teenwoordig, ín hierdie land en tyd. Christus leef. Hoor, die Gees roep dit saam met ons...

©Algemene Sinode: NG Kerk

> *"Wees stil en weet, Ek is die Heer,*
> *hoog bo die nasies,*
> *hoog bo die aarde..."*

Laat ons 29 Mei 2024 dus met 'n diep vertroue tegemoet gaan, en in vrede. En só anderkant dit, weer, leef en werk, heelmaak en mooimaak en help omdat God hier is.
Ons is immer en oral voor Sý aangesig.

**Simboliek:**
Die aansteek van 'n wydingskers aan die begin van 'n erediens, is 'n stil moment van tuiskoms, fokus, gebed én getuienis van die lig. Dit sou by hierdie gebedsdag met die oog op die komende Algemene Verkiesing, gepas kon wees om meer kerse aan te steek; ons demokrasie herdenk 30 jaar sedert 1994; verteenwoordigers uit susterskerke en die gemeenskap sou aan hierdie moment kon meedoen.

Oorweeg ook die moontlikheid om die voorbiddingsbede vir die Verkiesing (saam met die aansteek van 'n kers telkens, elke deel van so 'n gebed deur 'n ander verteenwoordiger te laat voorlees), heel spesifiek te wy aan –

- Vir die huidige Nasionale Regering: Goeie leierskap en 'n verantwoordelikheid om alle grondwetlike voorregte en vryhede te beskerm, in die laaste maand vóór 29 Mei.

- Vir die Beskermingsdienste: Pligsgetrouheid, moed en integriteit in die SAPD en SA Verdedigingsmagte se handhawing van wet en orde, vóór, tydens en ná 29 Mei.

- Vir die Onafhanklike Verkiesingskommissie: Goeie beplanning en bekwame uitvoering, logistieke vermoëns, neutraliteit en regverdigheid in hul begeleiding van die Algemene Verkiesing 2024.

- Vir alle Politieke Leiers: Die stel van 'n voorbeeld wat spreek van wysheid, integriteit, eerlikheid, versoening en verantwoordelikheid.

- Vir die Media: Beriggewing wat spreek van ewewig, vryheid en 'n soeke na waarheid oor ons land, alle leiers en ons as burgery.

- Vir alle Kiesers: Wysheid om te onderskei waarop dit regtig neerkom in die wil van God vir ons land, en om te onderskei wie die leiers is wat ons almal daarin sal kan lei, en 'n strewe na vrede – vóór, tydens en ná die verkiesing.

- Vir die nuwe regering op nasionale & provinsiale vlak, vir die volgende jare ná 29 Mei: Om ons land te lei in 'n nuwe bedeling waarin daar geregtigheid, vrede, veiligheid en 'n lewe vir almal sal kan wees – soos wat Gód dit wil.

**Jan Lubbe**
**28 April 2024**